higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

REISDIENSTE N6

(22030086)

20 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00

TOEBOEKEKSAMEN

Sakrekenaars mag gebruik word.

Kandidate het die GSA van Februarie 2018 nodig.

Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en nege bylaes van 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISDIENSTE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

LET WEL: As jy meer vrae as die vereiste aantal vrae beantwoord, word slegs die vereiste aantal vrae nagesien. Trek 'n duidelik streep deur ALLE werk wat jy NIE nagesien wil hê NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. AFDELING A is verpligtend.

2. AFDELING B bestaan uit vyf vrae. Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Toon AL jou berekeninge.

6. Geen korreksievloeistof mag op enige dokument gebruik word nie.

7. Kram alle bylaes wat voltooi is, vas en voeg dit by jou ANTWOORDBOEK in.

8. Rond AL die berekeninge af tot die naaste TWEE desimale plekke.

9. GEEN afronding (buiten dié in instruksie 8) word in enige vraag verlang nie, behalwe waar dit spesifiek in die vraag gevra word.

10. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 'n Kommersiële stadshotel het tussen 30 en 1 000 kamers.

1.1.2 Eurail-kaartjies wat gekoop is, kan NIE van 'n passasier se reistoelae afgetrek word nie.

1.1.3 'n Patryspoort in bootreisterme het op die linkerkant van die skip betrekking.

1.1.4 Wanneer daar op rekening (krediet) vir motorhuur betaal word, word 'n verwysingsbewys aan die huurder uitgereik.

1.1.5 Wanneer 'n passasier 'n lugreiskaartjie op hul kredietkaart koop, ontvang hulle gratis reisversekering.

1.1.6 Die Eurostar is 'n hoëspoedtrein in Europa.

1.1.7 Die volgorde waarin 'n toer gegenereer moet word, is kosteberekening, beplanning, bespreking en dokumentering.

1.1.8 Die kode *EP* in hotelverblyf beteken dat die prys ontbyt insluit.

1.1.9 Eurail-kaartjies kan in Suid-Afrika by World Travel verkry word.

1.1.10 Die kosteberekening van 'n toer in Suid-Afrika word per paar bereken en in buitelandse valuta gegee.

(10 × 2) (20)

Kopiereg voorbehou

1.2 Kies 'n term uit KOLOM A wat by 'n beskrywing in KOLOM B pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Intekenspertyd by die hotel	A	AIG
1.2.2	Motor met 'n outomatiese transmissie en lugversorging	B	IT
1.2.3	Reisversekeringsmaatskappy in Suid-Afrika	C	Knoop
1.2.4	Die wisselkoers wat gebruik word wanneer 'n passasier van hul reis terugkeer	D	18:00
1.2.5	Eenheid van spoed in skeepsvaart	E	VIA
1.2.6	Tariewe laer as die normale openbare reisgelde	F	ICAR
1.2.7	Buitelandsevaluta-toelating vir 'n 14-jarige	G	Spaarder
1.2.8	Spoordiens in Kanada	H	BKK
1.2.9	Koste tydens toere wat slegs aangegaan word as die diens gebruik word	I	uitsluiting
1.2.10	Spoorkaartjies vir twee tot vyf passasiers wat die hele tyd saamreis	J	R200 000

(10 × 2) (20)
[40]

TOTAAL VIR AFDELING A: 40

AFDELING B

Beantwoord slegs VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2: HOTEL

Mnr Snoop Dogg is by jou kantoor om 'n reis vir sy wittebrood in Oktober te bespreek. Hy wil graag sy aanstaande vrou op 'n gorilla-opspooruitstappie na Rwanda te neem. Hulle teken op 10 Oktober by die hotel in en verlaat die hotel op 18 Oktober. Mnr Dogg sal met sy kredietkaart vir die verblyf betaal (AX 5432 1934 2034 2456 EXP06/21).

Raadpleeg BYLAE B en beantwoord die vrae.

2.1 Watter hotel sou jy aan mnr Dogg voorstel? (2)

2.2 Wat is die tarief wat hulle vir hul volle verblyf in die geldeenhede hier onder moet betaal?

2.2.1 VSD (vir ALBEI toeriste) (2)

2.2.2 ZAR (vir ALBEI toeriste) (3)

2.3 Bereken die kommissie wat jou agentskap vir hierdie bespreking sal verdien. (2)

2.4 Gee die adres van die hotel wat jy gekies het. (1)

2.5 Mnr Dogg wil graag 'n e-pos aan die hotel rig om omtrent die koste van gorilla-opsporing uit te vind. Gee raad aan hom oor die e-posadres wat hy moet gebruik. (1)

2.6 Noem TWEE fasiliteite wat by die hotel beskikbaar is. (2)

2.7 Hoeveel etes in by hierdie tarief ingesluit? (1)

2.8 Noem TWEE geriewe in die kamer. (2)

2.9 Noem TWEE aktiwiteite (buiten gorilla-opsporing) waaraan mnr en mev Dogg kan deelneem. (2)

2.10 Watter ander primate sal hulle kan besigtig wanneer hulle hierdie hotel besoek? (1)

2.11 Voltooi die hotelbewys op BYLAE H. Die bespreking is as VL0001 bevestig. (15)

Kopiereg voorbehou

2.12 Verduidelik die volgende terme aan mnr Snoop Dogg:

2.12.1 Oordhotel

2.12.2 Losieshuis ('pension')

2.12.3 Suite

(3 × 2) (6)
[40]

VRAAG 3: MOTORHUUR EN SPOOR

MOTORHUUR

Mev B. Molefe bespreek 'n motor by Tempest in Kaapstad. Sy sal die motor om 12:00 op 12 Junie by die lughawe in Kaapstad (CPT) afhaal en dan Johannesburg toe ry. Sy is van plan om die motor om 12:00 op 20 Junie by die OR Tambo-lughawe (JNB) terug te besorg. Sy versoek 'n groep B-motor met VOLLE versekering. Sy gaan nagenoeg 1 900 km tydens die huurtydperk aflê. Tempest vra 'n EENRIGTINGFOOI van R700.

Mev Molefe is van plan om vir die gehuurde motor op haar rekening by die agentskap te betaal.

Raadpleeg BYLAE C (TEMPEST) en beantwoord die vrae.

3.1 Gee die kode vir 'n groep B-motor. (1)

3.2 Bereken die koste van die gehuurde motor vir mev Molefe. (13)

3.3 Watter kommissie sal jou agentskap met die verhuring verdien? (3)

3.4 Reik die motorbewys op BYLAE G uit. Die besprekingsnommer is TEM310. (12)

SPOOR

Mev Molefe ('n Suid-Afrikaanse paspoorthouer) beoog om later vanjaar (LAE seisoen) vir twee maande na Europa te reis. Sy gaan Frankryk, Switserland en Duitsland besoek. Sy gaan agt dae lank slegs per trein reis.

Raadpleeg BYLAE D en beantwoord die vrae.

3.5 Watter spoorkaartjie sou jy voorstel moet mev Molefe koop? (1)

3.6 Gee die koste van hierdie kaartjie in die volgende geldeenhede:

3.6.1 EUR (1)

3.6.2 ZAR (3)

3.7 Wat is die geldigheid van hierdie kaartjie? (1)

3.8 Kan mev Molefe in aanmerking kom om hierdie kaartjie te koop? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

3.9 Verduidelik aan mev Molefe wat 'n *spaarderkaartjie* behels. (1)

3.10 Gee mev Molefe raad oor die dokumente wat sy nodig het om met hierdie kaartjie in Europa te reis. (2)

[40]

VRAAG 4: BOOTREIS EN VERSEKERING

BOOTREIS

Mnr en mev Einstein wil graag in November op 'n bootreis gaan. Hulle het NIE paspoorte nie en versoek om op 'n bootreis te gaan waarop hulle NIE 'n paspoort of visum nodig het nie. Hulle wil graag die duurste kajuit bespreek.

Raadpleeg BYLAE E en beantwoord die vrae.

4.1 Watter bootreis sou jy aan jou passasiers voorstel, opsie 1 of opsie 2? (1)

4.2 Bereken die totale koste vir ALBEI passasiers. (4)

4.3 Bereken die kommissie wat jou agentskap vir hierdie bespreking sal verdien. (3)

4.4 Gee raad aan jou passasiers oor die vertrek- en aankomstye. (2)

4.5 Verduidelik aan jou passasiers wat 'n *aanloophawe* is. (2)

4.6 Verduidelik aan jou passasiers waarom 'n bootreis as waarde vir geld beskou word. (2)

4.7 Noem TWEE dinge wat die prys van 'n bootreis beïnvloed. (2)

VERSEKERING

Jy werk by Ocean Breeze Travel in Durban, met versekeringsnommer 2931TI. Mnr en mev Einstein is van plan om van 2 Oktober tot 8 Oktober na Rusland te reis. Hulle wil graag reisversekering vir hul reis uitneem.

Raadpleeg BYLAE F en beantwoord die vrae.

Die Einsteins se besonderhede is soos volg:

Identiteitsnommers	
Mnr A. Einstein:	7302071314086 (44 jaar oud)
Mev C. Einstein	7401315034089 (43 jaar oud)
Adres:	Penguinrylaan 20 Norscot Durban 3000
Tel:	031 413 1213 (H) 031 518 2010 (W)
Algemene praktisyn:	Dr A. Singh
Tel:	031 210 0012

4.8 Watter versekeringsopsie sou jy voorstel moet jou kliënte uitneem? (1)

4.9 Wat beloop die totale koste vir ALBEI passasiers? (1)

4.10 Bereken die bedrag aan kommissie wat jou agentskap sal verdien. (3)

4.11 Raadpleeg BYLAE F en beantwoord die vrae.

4.11.1 Wat is die dekkingsbedrag vir opvolgbehandeling in die land van inwoning?

4.11.2 Wat is die dekkingsbedrag vir persoonlike aanspreeklikheid?

4.11.3 Wat is die dekkingsbedrag vir 'n bagasie-oponthoud?

4.11.4 Wat is die dekkingsbedrag vir 'n aansluiting wat misgeloop is?

(4 × 1) (4)

4.12 Voltooi die versekeringsvorm op BYLAE I vir mnr en mev Einstein. Hulle gaan met 'n kredietkaart betaal. Die agentskap se besonderhede is soos volg: Ocean Breeze, Durban, versekeringskode 2931TI. (15)

[40]

VRAAG 5: TOERBEPLANNING EN -BEGROTING

Mnr M. Buthelezi wil graag vir homself 'n toer reël. Jy het reeds die reisplan beplan en moet die finale koste vir hom bereken.

Lugreisgeld: JNB–ZRH–NYC–YVR–LHR–JNB: ZAR110 600 (insluitende 1%-kommissie)
Lughawebelasting: ZAR45 000
Agentprystoeslag: 15%
Alle ander uitgawes soos dié vir visums, etes, ritte, en so meer, is nie by die toerprys ingesluit nie.

VERVOER (netto tarief per persoon, een rigting):

Zurich	CHF 220
New York	USD 70
Vancouver	CAD 180
Londen	GBP 60

VERBLYF

Hotel, Zurich (2 nagte)	CHF 700
Hotel, New York (3 nagte)	USD 280
Hotel, Vancouver (5 nagte)	CAD 300
Hotel, Londen (4 nagte)	GBP170

TOERE (netto tarief per persoon)

Toer, Zurich	CHF 350
Toer, New York	USD 250
Toer, Vancouver	CAD 450
Toer, Londen	GBP 200

5.1 Bereken die koste verbonde aan landreëlings in elke stad in die volgende geldeenhede:

5.1.1 CHF

5.1.2 USD

5.1.3 CAD

5.1.4 GBP

(4 × 4) (16)

5.2 Bereken die totale koste verbonde aan die reisreëlings in ZAR. (13)

5.3 Bereken die totale koste van die toer (met behulp van enigeen van die DRIE metodes). (6)

5.4 Bereken die kommissie wat jou agentskap vir hierdie bespreking sal verdien (met behulp van enigeen van die DRIE metodes). (3)

5.5 Verduidelik die term *verskaffer*. (2)

[40]

VRAAG 6: BUITELANDSE VALUTA

Raadpleeg die wisselkoersblad op BYLAE A om die vrae te beantwoord.

Mnr Wayne van Niekerk beplan om later vanjaar oorsee te reis. Hy betaal jou vir die volgende reisreëlings:

Lugreiskaartjie (JNB–NBO–MRU–CMB–JNB)	ZAR 98 000
Visums:	ZAR 1 100
Verblyf in Nairobi	USD 1 300
Verblyf in Mauritius	MUR 32 400
Motorhuur in Sri Lanka	LKR 12 000

6.1 Bereken die totale vir die reisreëlings. (Toon AL die berekeninge.) (11)

6.2 Gee die totaal vir die landreëlings. (2)

6.3 Bereken die totale bedrag wat nog aan mnr Van Niekerk beskikbaar is om buitelandse valuta te koop. (3)

6.4 Mnr Van Niekerk wil graag sy volle oorblywende reistoelae gebruik soos dit hier onder uiteengesit is. Bereken die buitelandsevalutabedrag wat hy in elke geldeenheid sal ontvang.

6.4.1 45% in USD (4)

6.4.2 20% in MUR (4)

6.4.3 30% in LKR (4)

6.4.4 5% op kredietkaart (2)

6.5 Mnr Van Niekerk keer van sy vakansie terug en wil graag die oorblywende buitelandsevalutabedrae laat uitbetaal. Bereken die ZAR-bedrag wat hy vir die volgende geldeenhede sal ontvang:

6.5.1 USD 1 500 se kontant (3)

6.5.2 LKR 3 000 in reisigerstjeks (3)

6.5.3 MUR 900 se kontant (3)

6.6 Noem EEN voorbeeld van 'n gemagtigde buitelandsevalutahandelaar met 'n beperkte lisensie. (1)

[40]

TOTAAL VIR AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

Buitelandsevaluta-tariefblad

Land	Geldeenheid	Verkope	Koop vir lugreis	Koop vir bootreis
BRITSE POND	GBP	**16.9971**	16.4778	16.3937
EURO	EUR	**14.6916**	14.2268	14.1419
VERENIGDE STATE-DOLLAR	VSD	**13.6538**	13.2762	13.3288
AUSTRALIESE DOLLAR	AUD	**0.0937**	0.1034	0.1028
BOTSWANA-PULA	BWP	**0.7221**	0.8433	0.8380
KANADESE DOLLAR	KAD	**0.0914**	0.1055	0.1081
SWITSERSE FRANK	CHF	**0.0706**	0.0774	0.0882
CHINESE JOEAN	CNY	**0.4532**		0.5194
TSJEGGIESE KROON	CZK	**1.7540**	2.6816	
DEENSE KROON	DKK	**0.4816**	0.5455	0.5644
HONG KONG-DOLLAR	HKD	**0.5489**	0.6026	0.6512
EGIPTIESE POND	EGP	**1.8796**	2.0921	2.1126
INDIESE ROEPEE	INR	**4.8728**	5.2574	
JAPANNESE JEN	JPY	**8.0750**	8.7577	8.9418
KENIAANSE SJIELING	KES	**6.7564**	8.7076	8.6125
SRI LANKAANSE ROEPEE	LKR	**10.8865**	11.5180	11.4562
MAURITIAANSE ROEPEE	MUR	**2.4746**	2.7807	2.8214
MALAWIESE KWACHA	MWK	**51.2140**	57.1237	56.5984
NAMIBIESE DOLLAR	NAD	**1.0000**	1.0000	1.0000
NIGERIESE NAIRA	NGN	**21.1868**	25.6730	25.4897
NOORWEEGSE KROON	NOK	**0.5901**	0.6532	0.6629
NIEU-SEELANDSE DOLLAR	NZD	**0.0965**	0.1114	0.1133
RUSSIESE ROEBEL	RUB	**4.3762**	4.5197	4.4195
SAOEDI RIAL	SAR	**0.2565**	0.4785	0.3736
SWEEDSE KROON	SEK	**0.6282**	0.6859	0.7384
SINGAPOER-DOLLAR	SGD	**0.0982**	0.1125	0.1206
SWAZILANDSE LILANGE	SZL	**1.0000**	1.0000	1.0000
THAISE BAHT	THB	**2.3154**	2.7115	2.9784
ZAMBIESE KWACHA	ZMW	**0.7055**	0.9542	0.8654

Kopiereg voorbehou

BYLAE B

INTERNASIONALE HOTELLE

Virunga Lodge

Adres: Bwindiweg, Rwanda 1806
Telefoon: +243 991 715 401 E-pos: virunga@volcanoessafaris.com



Die manjifieke Virunga Lodge is Rwanda se beste luuksegorillahuisvesting en van Afrika se voorste en bekendste woonplekke. Die vakansiehuise is hoog bo-op 'n rand geleë met 'n pragtige uitsig oor die Virunga-vulkane en die Musanze-vallei aan die weste- en Meer Bulera en Ruhondo aan die oostekant.
Dit bied die beste uitsig in Afrika en het uniek versierde kamers in die Rwandese styl. Geriewe in die kamers sluit 'n stort, buitehoekie, muskietnette en 'n dubbelbed in. Hierdie vakansiehuisvesting bied ook heerlike kos en buitengewone en verpersoonlikte diens deur ons sorgvuldig opgeleide personeel aan. Dit is die eerste verblyfskeuse vir die reisiger wat van luukses hou en die bedreigde berggorilla en goue ape wil opspoor.

Tariewe

Enkelkamer met bad:	VSD 300 per persoon per nag (volle verblyf)
Dubbelkamer met bad:	VSD 600 per persoon per nag (volle verblyf)
Wittebroodsuite met bad:	VSD 500 per persoon per nag (volle verblyf)

Fasiliteite
Wi-Fi
Kroeg
Skoonheids- en welweesterapeut
Kurio- en geskenkwinkel
Kaggel
Private balkon of dek

Aktiwiteite
Diere-opsporing
Voëlkyk
Begeleide stappe
Staproetes
Historiese toere
Lewendige musiek
Vermaak
Besoeke aan die plaaslike dorpie
Kultuurtoere

Gorilla-opsporing kan by gorilla@trekking.com bespreek word.

Bron: Aangepas uit https://visitvirunga.org.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

BYLAE B (vervolg)

Sabyinyo Silverback Lodge

Adres: Ruhengeriweg, Rwanda 1806
Telefoon: +243 921 615 301 E–pos: sabyinyo@silverback.com



Sabyinyo Silverback Lodge is aan die voet van die uitgestrekte 15,000 voet-Virungabergreeks geleë. Hierdie vakansiehuisvesting is na die oudste van die agt vulkane in die bergreeks vernoem en is slegs enkele kilometer van die toegang tot die park geleë.

Tariewe

Enkelkamer met bad:	USD 350 per persoon per nag (volle verblyf)
Dubbelkamer met bad:	USD 650 per persoon per nag (volle verblyf)

Fasiliteite
Wi-Fi
Kroeg
Skoonheids- en welweesterapeut
Kurio- en geskenkwinkel
Kaggel
Private balkon of dek

Aktiwiteite
Diere-opsporing
Voëlkyk
Begeleide stappe
Staproetes
Historiese toere
Lewendige musiek
Vermaak
Besoeke aan die plaaslike dorpie
Kultuurtoere

Bron: Aangepas uit https://mirusjourneys.com/africa/rwanda/sabyinyo-silverback-lodge

Kopiereg voorbehou

BYLAE C



Standaard		1–6 dae, per dag	7–14 dae, per dag	14+ dae, per dag	Ekstra kilometers
		200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	
A	EDMN	322	316	296	R2.60
T	CDMN	329	342	331	R2.81
B	EDMR	383	375	362	R2.91
C	CDMR	415	396	391	R2.89
D	CCMR	460	459	442	R3.80
I	ICAR	476	465	448	R4.65
E	SDAR	990	981	976	R4.69
Y	FDMR	999	990	969	R5.40

Die tariewe sluit die volgende in: Beperkte BSV ('CDW'), beperkte DVV ('TLW'), BTW, 'n toerismeheffing en lughawebobelasting.
Die tariewe sluit die volgende uit: Brandstof, PAI, 'n kontrakfooi van R55, aflewerings- en afhaalkoste, eenrigtingfooie, ekstra bestuurder en ander uiteenlopende koste.

Super		1–6 dae, per dag	7–14 dae, per dag	14+ dae, per dag	Ekstra kilometers
		200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	200 km gratis per dag	
A	EDMN	353	343	332	R2.60
T	CDMN	377	367	356	R2.81
B	EDMR	415	305	298	R2.91
C	CDMR	463	453	443	R2.89
D	CCMR	496	486	475	R3.80
I	ICAR	519	509	495	R4.65
E	SDAR	689	678	667	R4.69
Y	FDMR	792	781	774	R5.40

Die tariewe sluit die volgende in: SBSV ('SCDW'), SDVV ('STLW'), BTW, 'n toerismeheffing en lughawebobelasting.
Die tariewe sluit die volgende uit: Brandstof, PAI, 'n kontrakfooi van R55, aflewerings- en afhaalkoste, eenrigtingfooie, ekstra bestuurder en ander uiteenlopende koste.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

BYLAE D

WorldTravel se Internasionale Spoorreisgeld

EURAIL GLOBAL PASS	15 dae 22 dae 01 maand 02 maande 03 maande 05 dae in 1 maand 07 dae in 1 maand 10 dae in 2 maande 15 dae in 2 maande	**EERSTE KLAS** €516 €664 €816 €1149 €1417 €404 €492 €607 €795		Slegs eersteklasreise. Opeenvolgende dae. Kinders tussen 4 en 11 reis gratis
EURAIL GLOBAL PASS SAVER	15 dae 22 dae 01 maand 02 maande 03 maande 05 dae in 1 maand 07 dae in 1 maand 10 dae in 2 maande 15 dae in 2 maande	**EERSTE KLAS** €440 €566 €695 €978 €1206 €345 €419 €517 €677		Geldig vir 2–5 persone wat te alle tye saamreis. Prys per persoon gekwoteer. Kinders tussen 4 en 11 reis gratis
EURAIL GLOBAL YOUTH PASS	15 dae 22 dae 01 maand 02 maande 03 maande 05 dae in 1 maand 07 dae in 1 maand 10 dae in 2 maande 15 dae in 2 maande	**EERSTE KLAS Jeug** €440 €566 €695 €978 €1206 €345 €419 €517 €677	**TWEEDE KLAS** €337 €434 €532 €749 €923 €265 €322 €397 €519	Passasiers moet onder 26 jaar oud op die eerste dag van reis wees. Die reisdae mag opeenvolgend of nie-opeenvolgend gebruik word
EURAIL SELECT PASS	LAAG **Eerste Klas** **4 LANDE** 5 dae in 2 maande 6 dae in 2 maande 8 dae in 2 maande 10 dae in 2 maande **3 LANDE** 5 dae in 2 maande 6 dae in 2 maande 8 dae in 2 maande 10 dae in 2 maande **2 LANDE** 4 dae in 2 maande 5 dae in 2 maande 6 dae in 2 maande 8 dae in 2 maande 10 dae in 2 maande	MEDIUM **Eerste Klas** **4 LANDE** €322 €355 €414 €467 **3 LANDE** €294 €326 €379 €429 **2 LANDE** €238 €268 €295 €345 €389	HOOG **Eerste Klas** **4 LANDE** €368 €402 €468 €535 **3 LANDE** €339 €374 €438 €492 **2 LANDE** €279 €315 €348 €405 €456	Sluit nou Frankryk in. Onbeperkte ritte op die nasionale spoornetwerke van enige 4 Eurail-lande wat per skip of trein verbind is. Pryse word per persoon gekwoteer. Reisdae mag opeenvolgend of nie-opeenvolgend gebruik word. Kinders tussen 4 en 11 reis gratis

Kopiereg voorbehou

BYLAE D (vervolg)

EURAIL SELECT SAVER PASS	LAAG		MEDIUM		HOOG		
	Eerste Klas		**Eerste Klas**		**Eerste Klas**		
	4 LANDE		**4 LANDE**		**4 LANDE**		
5 dae in 2 maande	€190		€275		€368		
6 dae in 2 maande	€209		€303		€402		
8 dae in 2 maande	€244		€353		€468		
10 dae in 2 maande	€275		€399		€535		
	3 LANDE		**3 LANDE**		**3 LANDE**		
5 dae in 2 maande	€179		€251		€339		
6 dae in 2 maande	€197		€278		€374		
8 dae in 2 maande	€230		€323		€438		
10 dae in 2 maande	€258		€365		€492		
	2 LANDE		**2 LANDE**		**2 LANDE**		
4 dae in 2 maande	**Eerste Klas**	**Tweede Klas**	**Eerste Klas**	**Tweede Klas**	**Eerste Klas**	**Tweede Klas**	
5 dae in 2 maande	€149	€120	€203	€164	€238	€192	
6 dae in 2 maande	€166	€135	€229	€184	€269	€217	
8 dae in 2 maande	€185	€149	€252	€203	€296	€238	
10 dae in 2 maande	€215	€173	€294	€236	€346	€277	
	€241	€194	€331	€267	€389	€312	

Geldig vir 2–5 persone wat te alle tye saamreis. Prys per persoon gekwoteer. Kinders tussen 4 en 11 reis gratis

EURAIL SELECT YOUTH PASS	LAAG		MEDIUM		HOOG	
	4 LANDE Tweede Klas	**4 LANDE Eerste Klas**	**4 LANDE Tweede Klas**	**4 LANDE Eerste Klas**	**4 LANDE Tweede Klas**	**4 LANDE Eerste Klas**
5 dae in 2 maande	€147	€180	€211	€259	€241	€295
6 dae in 2 maande	€161	€197	€233	€285	€264	€323
8 dae in 2 maande	€188	€230	€272	€332	€307	€376
10 dae in 2 maande	€211	€259	€306	€375	€350	€430
	3 LANDE Tweede Klas	**3 LANDE Eerste Klas**	**3 LANDE Tweede Klas**	**3 LANDE Eerste Klas**	**3 LANDE Tweede Klas**	**3 LANDE Tweede Klas**
5 dae in 2 maande	€138	€168	€194	€237	€223	€273
6 dae in 2 maande	€152	€186	€215	€263	€245	€301
8 dae in 2 maande	€177	€217	€248	€305	€287	€352
10 dae in 2 maande	€198	€242	€281	€345	€322	€395
	2 LANDE Tweede Klas	**2 LANDE Eerste Klas**	**2 LANDE Tweede Klas**	**2 LANDE Eerste Klas**	**2 LANDE Tweede Klas**	**2 LANDE Eerste Klas**
4 dae in 2 maande	€115	€140	€157	€192	€184	€225
5 dae in 2 maande	€129	€157	€177	€216	€207	€253
6 dae in 2 maande	€143	€175	€194	€238	€228	€279
8 dae in 2 maande	€165	€202	€226	€277	€266	€325
10 dae in 2 maande	€186	€227	€254	€312	€298	€366

Reisagente

BESPREEK JUL TREINKAARTJIES AANLYN!

http://www.worldtravel.co.za

Of kontak info@worldtravel.co.za

World Travel Telefoon: 011 628 2319

Gewysig uit GSA 2016

BYLAE E

OPSIE 1



Vertrekdatum25 November

Skip
MSC Sinfonia

Reisplan
Suid-Afrika, Durban, Nêrens

Inskepingspunt
Durban, Suid-Afrika

Tydsduur
3 dae, 2 nagte

Dag	Datum	Hawe	Aankoms	Vertrek	Aktiwiteit
1	Dinsdag, 25 Nov	Durban, Suid-Afrika	....	14:00	Vasgemeer
2	Woensdag, 26 Nov	Nêrens	Ter see		
3	Donderdag, 27 Nov	Durban, Suid-Afrika	07:00	...	Vasgemeer

*Geskeduleerde reisplanne is onderhewig aan verandering sonder voorafkennisgewing. Raadpleeg asseblief die MSC se SBV's.

Kajuitkategorie	Binnekant	Buitekant	Suite
Beskrywing	Enkelbeddens, hangkas, badkamer met stort, TV, telefoon, minikroeg, lugversorging	Enkelbeddens (kan in 'n dubbelbed omskep word), hangkas, badkamer met stort, TV, telefoon, minikroeg, lugversorging	Dubbelbed, badkamer met stort en bad, minikroeg, kluis, TV, lugversorging, Wi-Fi
Koste	Kategorie 1–5 R4 710 pp wat deel Hawegelde: R300	Kategorie 6–10 R6 100 pp wat deel Hawegelde: R300	Kategorie 11 R8 910 pp wat deel Hawegelde: R300

Bron: https://www.msccruises.co.za

BYLAE E (vervolg)

OPSIE 2



Vertrekdatum
10 November

Skip
MSC Sinfonia

Reisplan
Suid-Afrika, Durban, Mosambiek

Inskepingspunt
Durban, Suid-Afrika

Tydsduur
4 dae, 3 nagte

Dag	Datum	Hawe	Aankoms	Vertrek	Aktiwiteit
1	Saterdag, 10 Nov	Durban, Suid-Afrika	....	14:00	Vasgemeer
2	Sondag, 11 Nov	Portugese Eiland, Mosambiek	09:00	....	Landing
3	Maandag, 12 Nov	Portugese Eiland, Mosambiek	....	07:00	Landing
4	Dinsdag, 13 Nov	Durban, Suid-Afrika	07:00	....	Vasgemeer

*Geskeduleerde reisplanne is onderhewig aan verandering sonder voorafkennisgewing. Raadpleeg asseblief die MSC se SBV's.

Kajuitkategorie	Binnekant	Buitekant	Suite
Beskrywing	Enkelbeddens, hangkas, badkamer met stort, TV, telefoon, minikroeg, lugversorging	Enkelbeddens (kan in 'n dubbelbed omskep word), hangkas, badkamer met stort, TV, telefoon, minikroeg, lugversorging	Dubbelbed, badkamer met stort en bad, minikroeg, kluis, TV, lugversorging, Wi-Fi
Koste	Kategorie 1–5 R6 920 pp wat deel Hawegelde: R400	Kategorie 6–10 R8 960 pp wat deel Hawegelde: R400	Kategorie 11 R10 4910 pp wat deel Hawegelde: R400

Bron: https://www.msccruises.co.za

Kopiereg voorbehou

BYLAE F

Voordeel betaalbaar en ekstras			
Individuele dekking			
DEKKING EN VOORDELE	**Senior 70–79 jaar**	**Volwassene Tot en met 69 jaar (0–69 jaar)**	**Die jeug Tot en met 28 jaar (0–28 jaar)**
Mediese en verwante uitgawes – siekte/besering	**R5 000 000**	**R25 000 000**	**R10 000 000**
Oorlog en terrorisme	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Mediese vervoer, repatriasie & ontruiming	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Repatriasie van kinders	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Repatriasie van reismaat	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Begrafnis, verassing of terugstuur van stoflike oorskot	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Menslikheidsnoodbesoek	Ingesluit	Ingesluit	Ingesluit
Opvolgbehandeling in jou land van inwoning	R3 000	R3 000	None
Daaglikse hospitaalkontantvoordeel tydens jou reis	R3 000 (R500 per dag)	R3 000 000 (R500 per dag)	Geen
Daaglikse hospitaalkontantvoordeel in jou land van inwoning	Geen	Geen	R300 000 (R10 000 per dag)
Voorafbestaande mediese en verwante uitgawes	**Geen**	**R350 000**	**Geen**
Mediese vervoer, repatriasie & ontruiming	Geen	Ingesluit	Geen
Menslikheidsnoodbesoek	Geen	Ingesluit	Geen
Repatriasie van kinders en reismaat	Geen	Ingesluit	Geen
Begrafnis, verassing of terugsending van stoflike oorskot	Geen	Ingesluit	Geen
Dood weens 'n ongeluk	**R50 000**	**R250 000**	**R50 000**
Blywende ongeskiktheid weens 'n ongeluk	R50 000	R500 000	R200 000
INTERNASIONALE REISKANSELLASIE	**R15 000**	**R15 000**	**R10 000**
Internasionale reisverkorting	R15 000	R15 000	R10 000
Internasionale reisverlenging	R15 000	R15 000	R10 000
Aansluiting misgeloop	R15 000	R15 000	Geen
Vervangingslugreisgeld	R15 000	R15 000	Geen
Reisvertraging	R15 000	Geen	R1 000
Weerstoestande	R15 000	Geen	R5 000
Insolvensie van reisverskaffer	R15 000	Geen	R10 000
Afgekeurde visum	R15 000	R15 000	R10 000
Persoonlike aanspreeklikheid	**R2 000000**	**R2 000 000**	**R2 000 000**
Kaping en gyselaar of verkeerdelike aanhouding	R10 000 (R500 per dag)	R5 000 (R500 per dag)	Geen
Regskoste	R7 500	R7 500	R3 000
Bagasie (beperking tot enkele item)	**R20 000**	**R15 000**	**R15 000**
Kontant en dokumente	R2 000	R2 000	R1 000
Vertraagde bagasie	R1 000	R1 000	R1 000
Tuisversorgersdiens	R3 000	R3 000	R3 000

PREMIES			
Tydperkdekking	**70–79 jaar**	**0–69 jaar**	**0–28 jaar**
1–8 dae	R1 125	R990	R1 265
9–14 dae	R2 420	R1 350	R1 725
15–21 dae	R3 725	R1 540	R2 520
22–32 dae	R3 865	R1 789	R3 450

Die tariewe sluit BTW van 14% en kommissie van 20% in.

Bron: Aangepas uit TIC – observo.co.za/wordpress/wp–content/.../04/santam–tic–travel–insurance–brochure.pd

Kopiereg voorbehou

BYLAE G

TEMPEST CAR HIRE	Reg. No 05/13135/07 Reg.nr 05/13135/07	**TRAVEL AGENT CHARGE VOUCHER REISAGENTDEBIETBEWYS**	T

Renter's name Naam van huurder			Car group Motorgroep	Date of issue Uitreikings-datum	Issuer's stamp Uitreikerstempel
Renting office Verhuringskantoor	Date Datum	Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's name Uitreiker se naam	
Return office Terugsendingskantoor				Issuer Uitreiker FOR TRAINING PURPOSES ONLY SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SOUTH AFRICA SUID-AFRIKA	
Voucher value – unlimited, unless specified hereunder Huurbewyswaarde – onbeperk, tensy hier onder gespesifiseer word					

Remarks Opmerkings	Europcar reservation reference Europcar se besprekingsverwy-sing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKINGSIDENTITEITS-NOMMER

TEMPEST CAR HIRE	Reg. No 05/13135/07	**TRAVEL AGENT REFERRAL VOUCHER REISAGENTVERWYSINGSBEWYS**	R

Renter's name Naam van huurder			Car group Motorgroep	Date of issue Uitreikingsdatum	Issuer's stamp Uitreikerstempel
Renting Office Verhuringskantoor	Date Datum	Flight Vlug	Time Tyd	Issuer's name Uitreiker se naam	
Return office Terugsendingskantoor				Issuer Uitreiker FOR TRAINING PURPOSES ONLY SLEGS VIR OPLEIDINGSDOELEINDES SOUTH AFRICA SUID-AFRIKA	
Method of payment (if by bank card, state the number) Betalingsmetode (indien per bankkaart, vermeld die nommer)					

Remarks Opmerkings	Europcar reservation reference Europcar se besprekingsverwysing	RESERVATION ID NUMBER BESPREKINGSIDENTITEITSNOMMER

Kopiereg voorbehou

Blaai om asseblief

BYLAE H

HOTELBEWYS				
PASSASIER SE NAAM				
HOTEL			**ADRES**	
VEREISTES			**TEL**	
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM		TARIEF	
REKENING	VOLLE REKENING		BESPREEK DEUR DATUM	BEVESTIG DEUR DATUM
	BYKOMENDE KOSTE WAT DIREK VEREFFEN MOET WORD		OPMERKINGS	

HOTELBEWYS				
PASSASIER SE NAAM				
HOTEL			**ADRES**	
VEREISTES			**TEL**	
AANKOMSDATUM	VERTREKDATUM		TARIEF	
REKENING	VOLLE REKENING		BESPREEK DEUR DATUM	BEVESTIG DEUR DATUM
	BYKOMENDE KOSTE WAT DIREK VEREFFEN MOET WORD		OPMERKINGS	

Kopiereg voorbehou

BYLAE I

AANSOEK OM REISVERSEKERING

AGENTSKAP SE NAAM:		**TAK:**			**KONSULTANT:**		**AGENSKAPSKODE:**	
VERSEKERDE PERSOON SE VAN	VOORLETTERS	GESLAG	GEBOORTEDATUM	BEGUNSTIGDE	ID-/PASPOORTNOMMER	SOORT DEKKING	PRODUK	TOTALE PREMIE
1								
2								
3								
4								
								R

Is u van plan om meer as 190 dae lank in enige een land te bly? Ja/Nee

Is die kaartjies van die openbare karweier met 'n geldige Suid-Afrikaanse kredietkaart betaal? Ja/Nee

Die persoon in beheer van minderjariges/kinders met gebreke: _____

Die persoon vir wie die versekerde gaan besoek terwyl hy/sy op reis is: _____

Tydperk van versekeringsdekking Van: _____ Tot: _____

Totale aantal dae _____ (albei dae inklusief)

Verste bestemming: _____

Posadres: _____

_____

_____

Poskode: _____

Tel. (H) _____

Tel. (W) _____

Huisdokter se naam: _____

Huisdokter se tel: _____

Verklaring:

1. Ek/Ons aanvaar die vlakke van dekking wat gekies is en ek/ons sal nie enige bykomende betaling van die onderskrywers verwag vir eise wat die versekerde bedrae oorskry nie.
2. Ek/Ons verklaar dat alle versekerde persone goeie gesondheid geniet en geskik is om te reis.
3. Ek/Ons aanvaar hiermee die voorwaardes van hierdie polisdokument wat ek/ons ontvang en bestudeer het.
4. Ek/Ons verleen hiermee aan AIG die gesag om my/ons huisdokter te skakel in 'n noodgeval.

Handtekening: _____ Uitreikingsagent: _____

Datum: _____ Datum: _____

Kopiereg voorbehou